

Pinkster 2013 Lynnwood-Oord

Tema vir die week :*Laat my met U verenig lewe*

Maandag 13 Mei **Op soek na die Misterie**

Ek is 'n Pinksterkind. My geestelike lewe is baie gevorm deur die Pinksterdienste wat ek as 'n kind saam met my ouers gaan bywoon het. Ek onthou toe ek as kind, in die dae toe Pinkster nog baie koud was, diep onder my pa se arms gesit het in Ventersdorp se kerk. Oom Willie Marais het sy bekende preek oor Saggeus gelewer. "Saggeus, kom af, ek wil by jou tuisgaan." Ek het gehoor: Anton, ek wil in jou lewe teenwoordig wees. Dié oortuiging dat God deel van my lewe geword het, het my nou nog nie verlaat nie. Selfs in my grootste oomblikke van twyfel, dan word dit dié grootste feit van my lewe. God is teenwoordig in my lewe.

Hoe is Hy teenwoordig? Ek weet nie. Ek kan dit nie beskryf nie. Hy is die voorsiener van my lewe. Hy is die beskermer. Hy is in my gewete. Hy is die genade wat ek ervaar. Ek is nie bang om dood te gaan nie. Ek maak baie foute. Ek is vol bekommernis. Ten spyte van alles wat nog steeds stukkend is, weet ek Hy is in my lewe teenwoordig.

Wat van die vrae wat jy nie kan beantwoord nie? Is God regverdig? Hoekom doen Hy vir een so en vir die ander een laat Hy maar aan sy lot oor? Ek vra die vraag van Breyten Breytenbach vir myself hoeveel keer oor en oor: Dat pyn bestaan is onnodig Heer, 'n blom het mos nie tande nie? Ek kan die vrae oor en oor en oor bedink, maar wanneer ek tot stilstand kom, dan word dit helder in my gemoed: God is teenwoordig in my lewe, ek sal nooit daarvan los kan kom nie. Hy het by my kom woon, al weet ek nie hoe dit werk nie, permanent.

Die bedoeling van Pinkster was om mense bewus te maak van God se teenwoordigheid. In die 1850's, toe ons 'n wilde kolonie was, was die mense ver van God en die kerk. En deur die woorde van mense en gebeure, het hulle eenvoudig na Hom beweeg. Daar was 'n veranderende krag teenwoordig. Die Bolandse bekering. Wat kon dit anders wees as God self. Nie die Onsigbare, nie die Jesuskind, maar die Gees van God was misterieus teenwoordig.

Op soek na die Misterie ***Johannes 1:9-18***

- Klemens van Alexandrië noem dit in vroeg in die derde eeu die "geestelike evangelie." 'n Trappie hoër as die ander.

- In dié evangelie gaan dit oor Jesus se noue verbinding met die hemelse sfeer.

(vers 18: Niemand het God ooit gesien nie, Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, die het Hom bekend maak)

Die mens soek na iets daar'buite' wat die oorsaak van alles is. Is daar 'n Wese bo-ons bestaan, of is dit net ons, soos die filosoof Camus gesê het? Die wetenskap soek na lewe daar buite. Gelowiges en bygelowiges glo daardaar islankal "iets" daarbuite. Meer nog, gelowiges glo daar is 'n Wese wat die houvas op alles het. By wie ons kan gaan skuil.

Maar waar is daardie God? Die God is vir ons 'n misterie. Wie is Hy? Is dit 'n man of 'n vrou? Is dit die God wat my oupa op sy knieë aangeroop het? Of is dit die God van die legendariese Arabier Mohammed? Is dit die God wat ek in 'n beeld kan vaslê? Of is die Onbegryplike Wese net te vind in die lydende Jesus aan die kruis? Het hy geskape en eintlik als aan die afloop van dinge oorgelaat? 'n Onmagtige God geword?

In Pinkster probeer ons met taaloor die misterie van God te praat. Vir my is God 'n misterie, maar tog is ek elke dag bewus van sy teenwoordigheid. My ervaring is waarskynlik dit waarvan die kerk oor eeue reeds bewus is, en wat die kerk oor eeue probeer praat en preek. Hoewel onsigbaar – so onsigbaar soos 'n Gees – is God Immanuel. Hy is teenwoordig. Sy teenwoordigheid is soms latent, en ons sien dit in dinge: die natuur en ons kinders. Maar Hy is ook bewegend, in gebeure in die wordende geskiedenis. Die oorsaak, die wysheid, die simpatiseerder ...

Johannes gee vir ons twee dimensies oor God:

Een.God is (die) Lig. Hy was in die begin daar. Niemand kon hom ooit sien nie. Maar die duisternis kon dit nooit uitdoof nie. Jesus wat die naaste aan die Vader is, het Hom bekend kom maak. Jesus het uit die Lig na die mense gekom. Dit is hoe ons die boek van Johannes moet lees. Daar is twee pole. Die een is die donker. Die aarde. Die ander een is die Lig. Die hemel. Die mens is soekend na die lig. Maar hy kan hom nie kry nie. Toe kom die lig nader aan die mens. Die een wat die naaste aan die Vader was (aan die Lig) het hom kom bekend maak. Jesus.

Hy is die Een!roep Johannes. Ek is die Een!roep Jesus. Dit is Hy wie se skoene ek nie eers werd is om vas te maak nie, sê Johannes. Ek is die weg en die waarheid en die lewe, sê Jesus. Dit is die hele boek Johannes se bedoeling. Hoe die Misterie nader aan ons gekom het. In die persoon van Jesus.

Maar hoe weet ek dit? Hoe kan ek dit identifiseer? Hoe kan dit vir my die waarheid wees? Elke mens sien tog dit wat op aarde is anders. Ons sien so min dinge dieselfde. Ons skep ons eie oortuiginge, en daar is baie dinge wat maak dat onsons eie oortuigings skep.

Dit is God – die God van die misterie- wat ons help om Jesus raak te sien as die Gestuurde. Hierdie mens (ek) wat in die donkerte woon, wat nie weet nie, wat uit homself nie kan weet

nie – sy verstand word verlig. Sy verstand word oopgemaak. God maak ons verstand en ons hart oop deur Sy Gees. Ons weet nie eintlik wat oopgaan nie, want ons verstand kan dit eers nie verstaan nie, maar dit gryp ons hart aan. En ons hart *buig* ons verstand oop. Want hier binne in my kom 'n grootste krag denkbaar, niks kan die Liefde weerstaan nie, al is dit soms nie logies nie. En jy wonder waarom het God dan hierdie metode gekies? Onbegryplik gryp dit jou hart aan en voor jy jou kom kry is dit *so verstaanbaar mooi*. Dit die hartstaal van God wat ek begryp. Hartstaal wat sterker is as verstandstaal. Want liefde is groter as alles het Thomas a Kempis gesê. **Vanuit ons harte word die donker wat ons verstand oorkruip, helder gemaak.** Ons kry deel aan die Lig, die Lig verlig ons. Die Misterie het dit gedoen.

Dit is die evangelie van Jesus Christus. Dit word genoem die blye boodskap van God. Die boodskap van God's heil.

Ek vertel die verhaal van ons en die God's misterie omdat daar soveel twyfel is vandag daaroor. Die wetenskap het die soektog oorgeneem in die ruimte omdat hulle en ons altyd gedink het God is daar vêr buite. God is nie te vinde nie. Nie op die verste van buitenste duisternis en ruimtes nie. God is anders, so anders dat ons nie weet hoe nie. Daarom kan Hy nie gevind word nie.

Maar daar is so baie mense wat dan sê ek moet God gaan soek. Ek moet my lewe vir Hom gaan gee. Ek moet na God toe draai. Hoe kan ek dit doen as Hy nie te vinde is nie?

Die goeie nuus is. Hy het na ons toe gekom. Ons hoef Hom nie te gaan soek nie. Hy het in ons wêreld en in ons harte ingeloop. Deur die persoon van Jesus, en ons word oortuig deur ander modaliteit waarin God werksaam is: deur sy Gees. Deur die Onsigbare energie wat hart oopmaak en eintlik sterker word as die verstand. Dit is Misterie aan die werk.

Jy kan na Jesus toe loop. Jy kan sy lewe en woorde gaan oordink en lees, en jy kan Hom as jou Here aanneem. As jou herder. As die wynstok wat lewe bring van die Vader. Jy kan dit doen met jou verstand, want in jou hart het die Onweerstaanbare Liefde kom woon. Die Misterie is teenwoordig.

Gebed van Thomas a Kempis

Here, u wat my liefhet

Here, u wat my waarlik liefhet, wanneer U my binneste betree, dan word alles wat in my is, vol blydschap. U is die volkome ervaring waarna my hart begeer en streef, U is die een op wie ek hoop as dit met my sleg gaan.

Ag Here, verlos my asseblief van die verkeerde en vernietigende passies wat in my hart opkom. Genees my hart wat so hardvogtig en vol slegte gewoontes kan wees. Maak my binnekant volkome skoon.

Rus my toe om lief te hê, maak my sterk wanneer ek swaarkry, help my om te kan uithou in moeilike omstandighede.

“Daar is vir my niks so goed soos Liefde nie, daar is niks wat meer transformerend is as om lief te hê nie, daar is niks wat die aarde en die hemel so kan vul en anders maak soos liefde nie, want liefde is in U gebore, liefde kom in U tot rus, liefde is bo-alles wat geskape is.”

Help my om U meer lief te hê as wat ek myself liefhet. In U is liefde waar. Kom woon in my binneste met U waaragtige liefde!

Amen

Dinsdag 14 Mei 2013

Die **aanraking** van die Misterie

Enkele gedagtes oor die Drie-Eenheid

- 1 Die leer oor die Drie-Eenheid is **nie** iets wat in die kerk na vore gekom het na aanleiding van tekste in die Bybel nie. Die kontroversiële uitsprake van Arius, 'n ouderling in die gemeente Alexandrië het die saak die eerste keer prominent gemaak.
- 2 Daar is in ander ou godsdienste en filosofieë ook tradisies wat 'n drieheid van gode (een of ander vorm) gehad het.
- 3 Kan dit wees dat ons hier met iets te doen het wat nie eksplisiet in die Bybel geskryf staan nie, maar dat ons kan sê God het die leer van die Drie-Eenheid **aan die kerk geopenbaar?**
- 4 Daar is geen eksplisiete leringe oor die Drie-Eenheid in die **Ou Testament** nie. Sommige verdedigers van die Drie-Eenheid argumenteer dat *daarvoorlopige* prentjies in die Ou Testament is wat daarop aandui dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees saamgewerk het. Bv Gen 18 waar God aan Abraham verskyn as drie manne. Feit is, as ons nie met die Nuwe Testament as bril die Ou Testament lees nie, gaan ons daar geen teken kry van 'n Drie-Enige God nie.
- 5 Die Nuwe Testament het ook geen eksplisiete leer oor die Drie-Eenheid nie. Baie teoloë, apologete en verdedigers sê dat ons die Drie-Eenheid **uit die Nuwe Testament kan aflei** op grond van dit wat daar geskryf staan oor God.
- 6 Die argument ten gunste van die Drie-Eenheid word so gevoer: Die Vader van Jesus is die waaragtige God van die Ou Testament. Die Bybel leer ons dat Christus en die Heilige Gees "volledig goddelik" is. **Daarom moet ons, die kerk, hulle "invoeg" in die wese van die 'Een God'.**
- 7 Wat is "volledig goddelik?" Is daar gronde dat Jesus werklik die kosmos geskep het? As ons dit verseker weet, sal dit hom goddelik maak.
- 8 Of moet ons aan die leer oor die Drie-Eenheid vashou as 'n *misterie*? Is dit genoegsaam?
- 9 **Die goddelikheid van Jesus en die Heilige Gees word uiteindelik gekonstrueer met behulp van afgeleide argumente.**
- 10 In die vroeë kerk (eerste drie eeue) is Jesus waarskynlik gesien as numeries gelyk met die Vader. En waarskynlik dat Hy (Jesus) in 'n sekere sin afhanklik van die Vader is.
- 11 Die vroeë kerk het baie oor Jesus geargumenteer? Was hy 'n *tweede God*? Was Hy 'n *engel*? Was Hy die *wysheid van God*. Is Hy geskep deur die *gedagte* van God

in die maagd Maria? **Die Heilige gees was in die eerste drie eeue nie 'n objek van aanbidding in die Christelike kerk nie.**

- 12 Arius, die ouderling van Alexandria, wat in die derde eeu na Christus geleef het, het begin verkondig dat Jesus 'n skepping of skepsel van God was en dat God hom (Jesus) uit niks geskape het op 'n bepaalde tyd. Dié opmerkings van Arius het geweldig kontroversie geskep, en die plaaslike biskop het hom aanvanklik net tee-gegaan, maar later ge-ekskommunikeer. Arius het sy volgelinge gehad en dié dispuut het gedreig om die kerk te skeur.
- 13 Die sleutel-episode in die dispuut het gekom toe die keiser, Konstantyn, 'n vergadering van al die biskoppe belê het. Nicea 325nC. Die Raad van Biskoppe het besluit dat die Vader en die Seun *omo-ousios* (dieselfde wese, dieselfde natuur) is. Dieselfde vergadering het *nie gesê* dat die Heilige Gees *omo-ousios* met die Vader en die Seun is nie, maar dat die Heilige Gees vereer en aanbid moet word soos die Vader en die Seun.
- 14 Athanasius, Arius se prominentste teenstander, en sy ondersteuners het ge-argumenteer **as Christus en die Heilige Gees nie "volledig God" is nie kan die mensdom nie deur hulle dade gered word nie.** Vergifnis deur God kan net plaasvind as daar 'n offer is wat Hom waardig is. Geen mens kan 'n waardige offer bring nie.

Die aanraking van die Misterie *Johannes 3:1-16*

Gister het ek 'n gewaagde stelling gemaak. Die skeptici onder ons sou dit gou opgemerk het. As Jesus dan uit die Lig kom, en na ons toe kom, hoe raak Hy ons aan?

Ons kan verstaan dat hy die mense van sy tyd aangeraak het. Ons sien dat hy die omstandighede van die mense van sy tyd nie dieselfde gelos het nie. Die politieke en sosiale omstandighede het na sy aanraking van die samelewing, radikaal verander. Jesus hetaan die leiers van sy tyd gesê die *Lig* se geregtigheid vind nie plaas nie. En hulle is die oorsaak. Hy het hulle beskuldig van huigelary. Van valsheid. Hulle het een ding gepraat, die wonderlike woorde van *Jahwe* aan almal gepreek, maar self hulle het ander dinge gedoen. God was regverdig teenoor almal, maar hulle die kerk se leiers het nie God se geregtigheid toegepas nie.

Jesus se woorde, sy ingesteldheid, het die wêreld verander. Nie net die mense van sy tyd se lewenshouding is verander nie, dit het nageslagte tot vandag se lewenshouding verander.

Maar dit was nie net die sosio-politieke wêreld wat onherroeplik sou verander nadat God die wêreld deur Jesus aangeraak het nie. Dit was ook enkelinge wie se lewens verander

het. Die oom en tannie by die tempel, die vrou wat gestenig moes word weens haar sondige lewe, die man wat langs Jesus gekruisig is. Die **aanraking** was dat Jesus in hulle lewens gekom het, Hy het hulle paaie fisies gekruis, en daarnawas hulle nooit weer dieselfde nie.

Vanuit die Misterie - vanuit God – kom daar ‘n krag wat die samelewing en individue se lewe verander. Dit het gebeur deur die persoon van Jesus, die Christus. Maar na die fisiese aardse lewe van Jesus is die **aanraak-en-verander** werk deur die Gees voortgesit.

Daar was/is dus twee agente (twee gestaltes van energie) wat die wêreld aanraak en verander: Jesus, die mens, en die Gees. Beide het die harte van mense binnegedring en hulle denke verander. Daar het uit beide ‘n onsigbare bewegende krag gekom wat besit geneem het van mense se denke.

Nou is Jesus nie meerhier nie. Daar is vir onsgegee die onsigbare bewegende krag – die Gees. Hoe manifesteer die Gees. In tente? In massiewe groot kerkgeboue? (Ek lewer geen kritiek daarop nie, maar dit is hoogs onwaarskynlik dat die Misterie daardie ruimtes en sekere individue net vir die doel sal uitkies).

Sheila Cussons skryf daaroor in ‘n gedig getitel “Noudat ek”. En daarmee gaan ek as begenadigde saam. Het sy die groter wonderwerke al ooit gesien? Nee, sê sy, sy het dit nog nooit gesien nie. Die son wat stilstaan, die onuitputlike waterbron. Maar sy sluimer elke dag in die duisende mirakels in. Die ‘onverwagte vreugde’ verras want elke dag siensy die hand van God in iets nuuts. Daar vind ‘n duisend wonderwerke elke dag in haar lewe plaas. Daar vind ‘n duisend goed plaas wat nie vanselfsprekend is nie. Dit kom net. Dit is net daar.

Sou dit moontlik wees om so oor die werking van God’s Gees te praat? Sou dit moontlik wees om so oordie aanraking van die Misterieuse te praat?

Op ‘n ander plek praat Sheila Cussons daarvan dat hierdie aanraking so lig soos ‘n veer is. Vir ‘n oomblik gebeur daar iets so vlug soos verstand, iets **wat die bewussyn tot in die lewe** tref, noem sy dit. Dit is hoe ek ook daaroor dink. Die lewe is nie net ‘n gawe nie, dit is vol wonderlike mirakels. En mirakels – die klein gewone wonders van lewe - is goed wat jy nie kan koop nie. Dit kom so onverwags, maar dit is eindeloos daar:

- Die ma wat jou met die kombers toemaak nadat sy vir jou uit die kinderbybel gelees en gebid het. Ek dink dit is hoe God misterieus werk. Kan dit die manier wees waarop Jesus uit die Lig kom en ons aanraak?
- Daardie vriend wat sy hand op jou skouer kom sit as jy in die grootste ellende en depressie is. Het daardie hand nie uit die Lig gekom nie?
- Die Misterie is ook in die tradisie. Die gewoontes van ‘n groep mense. Die gewoontes van die ou Joodse volk. Die oortuigings wat hulle gehad het tot mede-menslikheid en geregtigheid. Die tradisie van Calvinisme waarin harde werk en eerlikheid as godsdeugde gevestig is. Die tradisie om ouers en meerderes te respekteer, om nie

die lewe van ander te neem nie. God se aanraking is nie beperk tot individue nie, die Misterie beweeg ook deur die samelewing.

- Die liefde wat jy ervaar as jy by die kerk tussen mense is. Metafories is die kerk God se liggaam. Lig en Liggaam is by tye een. As daar een omgewing is wat die Lig moet kan dra of spieël, dan is dit die kerk. Ek het dit al so baie ervaar. Net om in 'n ou kerk te wees, is om die reuk van Lig te ervaar! Maar ek moet ook sê dat ek soms die kerk as teenstander van die Lig ervaar het. Wanneer 'n kerk sy eie lig wil maak en nie meer die ware Lig kan sien nie, dan het die reuk muf geword. Die ruite is vuil en die stof pak in die hoeke aan. Dan het die kerk 'n erge doodsreuk.

Niks van hierdie kleiner vormende gebeurtenisse is nié die aanraking van die Misterie nie. Dit is hoe God ons aanraak. God is altyd liefdevol en veranderend in die wêreld teenwoordig. Ons kan maar rus in God.

Woensdag 15 Mei Die Onbegryplike Inwoner **Johannes 6:41-59**

Die verhaal van Willie. Gevangenskap opgelê van sewe jaar waarvan hy vyf jaar moet uitdien. Betrokke by 'n sindikaat wat karre steel en oor die grens neem en in Afrika-lande verkoop. Hy word weergebore in die tronk. Dit wat hom oorgekom het, is die aanraking van God. So beleef ek as besoekende dominee hom. Die aanraking van die Gees. Elke keer as ek hom besoek, dan voel ek soos 'n wurm. Die man se geestelike gestalte is fenomenaar!

.....Willie was 'n skiemer, brandewynliefhebber, getroud en 'n pa van twee. Maar sy onderwêreldse plan om ryk te word, het hom agter die tralies laat beland. Daar sê hy, het hy sy Heiland ontmoet. Daar is hy aangeraak en verander.

Toe ek hom besoek, het my mond oopgeval. Die een-en-dertig-hoofstukke van Spreuke het hy uit sy kop geken. Elke dag een geleer en oor en oor geresiteer. Hy was tot seën vir die ander gevangenes en die leraars wat hom wou besoek. Vow!

Ek durf sy vroeë vrylating aan. Eers deur die gevangenes-owerhede tot later by die Administrateur-Generaal. Laat asseblief die man vry. Hy is 'n geheiligde. 'Nee' sê oom Louis, 'jy is nog te jonk dominee'.

Twee jaar later kom Willie wel 'n maand vroeër as wat opgelê is uit die tronk. Sy vrou gaan haal hom. Sy vertel my later. Op pad terug huis toe laat hy haar by die brandewynwinkel stop. Koop sy ou metgeselwatertjie, stap sy huis in, sit die bottel met drif op die tafel neer, trek die glas nader en sê: die ou Willie is terug!

Die verandering in Willie was net skyn.

Wat gebeur as die Gees in jou is? Eintlik is dit 'n ge-eikte maar ook onverstaanbare manier om daaroor te praat. Is die gees soos 'n rokie uit Alladin se lampie wat opwalm en tussen al die hartkamers rondwaal? Of is dit iets wat in jou senuwees kom vassit? Eendersydswerk dit soos 'n filter, en andersyds soos 'n stimulant? Dit filter die kwade uit en versterk die goeie. Amper soos medisyne? Of is dit soos die gees van die skool? Daar is 'n vreeslike vasberade gees in die skool voor die Interhoër atletiek. Is dit hoe die Gees van God is? My ma had 'n sagmoedige gees of my pa was 'n vasberade gees. Is God se Gees soos die gees van 'n ouer wat ek geneties kry? Is dit dalk soos 'n persoonlikheid wat ek ge-êrf het? En hoe meer ek Sy persoonlikheid beoefen, hoe meer word ek soos God?

Of in die taal van Jesus aan Nikodemus: as die wind jou wederbaar het, anders gemaak het, gaan jy anders word. **Is die werking van die Gees soos 'n towerstaffie?** *Abrakedabra* siedaar! 'n lieflike soet mensie, net soos God hom wil hê!

Hoe verander dit jou? Wat maak dit van jou? Wat is die resultaat van die veranderende krag? *Ek weet nie hoe dit werk nie.* Die Jehova-getuies, en ons het hulle verjaag daarvoor, het altyd gesê die Gees is nie 'n persoon nie, dit is net 'n krag. Hoe weet wie hoe werk die Gees? Ek weet ook nie. Maar dat mense veranderde lewens kry, die is ons almal van bewus. Of is dit skyn, soos Willie s'n skyn was?

Ek dink ons moet begin by dit wat op baie plekke byval vind, maar *wankellend* is as 'n mens daarvoor begin dink. En 'n mens wonder hoeveel skyn daar by betrokke is?

- **Die verandering 'lig' jou op.**

Daar was van ouds af 'n idee by sommige mense wat weergebore word, dat as God in jou kom jy 'n geestelike trappie hoër as ander mense beweeg. Jy tree tog nader aan God. God praat eerste en direk met jou. Jy staan in liefdes- en begeerlike verhouding met God.

Daar moet 'n paar dinge met jou gebeur om daar te kom. Buitengewone ervarings moes oor jou lewe kom. Buitengewone geestelike goed moes gebeur het en jy moet daarvoor kan getuig. Jou eie geestelike taal, een wat uit die hemel vir jou gegee is, moes manifesteer. En dan kry jy outoriteit om God en die Gees te kan beweeg deur jou gebede.

As dit godsdien is, is ek die grootste van alle ongelowiges. Want ek kon en kan nie in daardie posisie kom nie.

- **Instaat om die buitengewone te kan doen**

Die intersessor. Die diepste bidders. Die mense met die buitengewone insig in die skrif en elke dan en wan skrif kry. God het hulle die gawe van profesie gegee. Jy word eintlik klein en bang in hierdie heiliges se teenwoordigheid. Orals is hulle aan die beweeg. Naderhand omring met 'n aura, net 'n bietjie minder as goddelik.

- **Geroep om 'n evangelis te wees**

Los alles. Gaan doen sendingwerk. Die Here sal sorg. Die heiligheid straal uit. Die woord wat hulle spesiaal ontvang het. En almal om onderdanig wees aan die ontvangde woord. Gee jou respek aan die heilige, die spesiaal aangewysde gesalfde

van die Here. Jou werk is om hierdie roeping van God finansieel te dra, en as jy onthou en 'n gebedslys het, te bid ook vir hulle.

Ons kry dit nou nog. Daar is die groot name in die geestelike wêreld. Die teoloë en die skrywers van geestelike boeke. Ons hang aan hulle lippe. Ons koop hulle boeke. Ons kyk hulle DVD's. Daar is 'n massiewe bemarkingskanaal waardeur hulle dan weer tot seën kan wees vir ons gewones. Ons, op die onderste trappie. Ons is so dankbaar dat ons 'n bietjie van die oorfloei van die seën kry wat hierdie begenadigdes in oorvloed ontvang. (Verskoon my sarkasme, my ontnugtering het deur die Willie's van hierdie wêreld gekom).

Ek dink nie dit is waartoe die Gees van God mense verander nie! Wie ook al die idee gee, of wie ook al die verse uit hulle verband lees, maak van die Bybel 'n boek van bygeloof. Ons sou dit – die Bybel - dan kon noem die verhaal van die wonderwerker en hoe jy 'n wonderwerker kan word. Hoe kan ek ryk en suksesvol word deur Jesus na te volg! Hoe kan ek invloedryk word deur net 'n paar beginsels uit die boek van wonderwerke te volg.

Die waarskynlike antwoord lê in die paradoks. **Die paradoks word helder as jy eerlik en menslik die Bybel lees. As jou voete op die grond bly as jy die Bybel lees.** Dit is juis 'n malle gejaag na mag en gierigheid en roem wat die wêreld se pyn elke dag baar. Jesus en die Gees bring 'n ander gestalte na die wêreld. Jesus en die Gees, nee die Misterie (God self) wil ons verander om dit juis nie te wees nie. Om juis dit nie te jag nie.

Ons kan die spoor van Jesus maklik volg, dit is vir ons geskryf. Die lewe van die aardse Jesus en die lewe van miljoene gewone mense is dieselfde.

- **Jesus tree uit die Lig en stap nader aan ons as die Lydende.** Die dienaar van sy minderes. Die huilende broer. Die smekende sterfling. Iemand soos ons. Daar is niks aan Hom wat op aarde iets werd is nie.
- **Hy kyk en sien mense raak soos hulle werklik is.** Nie wat hulle bereik het of wat hulle status is nie. Al is hy Rabbi wat gedien moet word, begin hy om sy dissipels te dien. Hy weet wat is hulle foute en sondes en tekortkominge. Vanuit die Lig word hy hulle mindere en moedig mekaar aan om so vir mekaar te wees.
- Die Jesus(Gees)-aangeraakte mens verander **van 'n selfgerigte mens na 'n naaste-gerigte mens.** Van iemand wat net na homself omsien, na iemand wat na ander mense omsien. Wat sy eie behoeftes ontsien wanneer dit oor die behoeftes van sy mede-mens gaan.
- Die Gees-aangeraakte mens word **gevol met genade.** Die Een uit die Lig bring die genade na die sterwende mens. Die mens word nie oorlaai met geskenke en rykdom en talente nie. Hy word binnegedring deur die reinheid van God wat hom en haar ook rein maak. Reinheid, opregtheid, goedheid – die waardes van die koninkryk word in hullehart en are ingedra. Die goud van die hemel.
- Die wat die wêreld wou oorwin met forse optrede, kom agter die wêreld van ware geluk lê in die koninkryk van God. **Die koninkryk van deernis.** Is dit nie wat die

miljoene mense op aarde die meeste nodig het nie? Die Gees-veranderde mens het begrip vir die gebrokenheid van mense. Nie net jou eie mense nie, maar orals is daar mense wat jy sien as sleg en treurig.

Die inwoner van jou binneste, is die Onbegryplike. Hy kom nie om jou te help – in die eerste plek – sodat jy voorspoedig sal wees as aardse mens nie. Hy maak jou sterk om die seer en gebrokenheid van die aardse mee te hanteer. Ek kan nooit weer dieselfde wees nie. Hy bring in my onnatuurlike gedrag na vore. Nie meer ek nie. Nie meerselfgeldend nie. Leegmakend. Deernisvol. Vol goedheid. Onbegryplik, maar ryker as ryk.

Donderdag 17 Mei 2013 *Laat my met U verenig lewe*

My kerk onderrok gaan vandag behoorlik uithang. Ek bedoel nie my nougesette NG Kerk onderrok nie. Die kerk wat op Pinksterdag twee eeue gelede gebore is. Ja, ek is hartstogtelik lief vir my kerk. Dit is my ma. En ek sal die kerk nooit verlaat nie. As die kerk eendag moet ophou bestaan, sal ek die laaste een wees wat die hek toe maak.

Laat ek eers verduidelik waarom die kerk vir my so belangrik is, en waarom ek nie kan stilbly as ek dink die kerk word benadeel nie:

- **Pinkstersondag is die geboortedag van die kerk.** Die uitstorting van die Heilige Gees het mense uit verskillende kulture by-een gebring en hulle het die evangelie gehoor, verstaan en geglo. Dit is in hulle eie taal vir hulle gegee. Vandaar is hulle na hulle eie gemeenskappe en die Christelike geloofsgemeenskappe het orals tot stand gekom. Ons vier Sondag die Christelike kerk se verjaarsdag!
- Die kerk bestaan nie uit goddelike wesens nie. **Die kerk bestaan uit gewone mense.** Ons is die kerk. Ons weet nie alles nie. Ons kan maklik besluit-foute maak. Ons is 'n versameling van mense wat dieselfde Gees in ons het. Ons moet mekaar kontroleer. Ons moet saam met mekaar dink. Ons moet saam die Bybel lees en saam vra: wat beteken dit wat ons hier lees? En hoe moet ons dit wat ons lees toepas in ons lewe? Ek het die kerk baie nodig. Die kerk wat hom deur die Gees van God laat lei.
- Die uitdrukking: dit is ons dam se ganse, is hier van toepassing. As ek moeilikheid het in die Karoo of in die Limpopo of waar ook al, **en ek sien die kerk, dan weet ek my mense is daar.** Ek kan gaan aanklop en ek sal vind dat ons harte klop dieselfde. Daarom het ons so baie saam kon doen, en is ons harte en gedagtes so by dieselfde dinge. Die kerk snoer my in 'n familie in vir wie ek baie lief is.

Laat my met U verenig lewe **Johannes 15:1-8**

- **Johannes 14-16 is die Seun aan die Woord. Jesus. Nêrens in die Bybel is daar so 'n volgehoue konsentrasie op die unieke verhouding tussen die Vader en die Seun nie (Spannenberg).**
- **En dit gaan oor in die eenheid van God en die Seun met die gelowiges.**
- **Daar word meer as 70 keer teen die Jode uitgevaar, en die ander evangelies so vyf of ses keer.**

Die metafoer of beeldspraak van die wingerdstok en die lote is aan ons oorbekend. En elkeen van ons verstaan dit goed. Omdat dit 'n metafoer is, moet ons kan aanvaar daar is

gebreke aan. Die bedoeling van metafoor-gebruik is gewoonlik om een belangrike aspek te beklemtoon. Die metafoor dra een sterk boodskap. Nie twee of drie nie.

Ek sou graag wou dat ons die rykdom van dié beeld goed verstaan, soos dit waarskynlik in die oorspronklike konteks verstaan kon wees. Ek weet nie of ons die ware omvang van die metafoor se betekenis goed kan begryp nie.

Johannes se skrywe is vir die afgesonderde groep waaraan hy en sy volgelinge behoort het. Of hulle hulleself afgesonder het, en of hulle deur die groep uitgedruk is weet ons nie. Maar hulle was nie meer deel van die Joods-Christelike groep nie. Hulle het die leringe van die Joodse groep as verkeerd en insigloos verstaan. Hulle paai met die sinagoge het geskei.

Die skrywer van die evangelie kommunikeer met die groep. *Ons, en nie die Joodse groep, is die ware gelowiges. God is in ons. Hy het ons verlig. Hulle leef nog in die donker. Die wat in die donker leef is volgens hierdie metafoor droë en nuttelose lote. Hulle sal nooit weer vrug kan dra nie. Hulle is nutteloos en kan maar afgesny word en vir brandhout gebruik word.*

Histories beskryf die woorde natuurlik 'n tragedie. Die tragedie is dat onshier waarskynlik met die splitsing van familieste doen het. Van 'n gemeenskap wat al soveel eeue en jare bestaan het. Ons het hier te doen met 'n skeidingsbrief. In die metafoor is daar harde oordeel. Oordeel wat diep sou seergemaak het.

Wat is die betekenis of die waarde van die metafoor vir ons vandag? Persoonlik dink ek dit het groot betekenis vir ons verstaan van die kerk en die werk van die Gees.

Om die metafoor beter te verstaan, en dalk beter in ons konteks te laat grondvat, moet ons by die begin begin. Die verhaal van die Bybel begin met die verhaal van 'n groep mense. Die Hebreërs was 'n rondtrekkende groepie mense wat in die woestyn moes oorleef. Toe hulle die belofte kry van die beloofde land kry, kry hulle ook opdrag om hulle nie te laat beïnvloed deur die ander volke wat in Kanaän woon nie. Hulle trek Kanaän binne, en orals rondom hulle bly die Kanaäniete wat die man-god Baäl en die vroue-god Ashera aanbid.

Bly aan Jahwe verbind. Hy is julle herder. Moenie met die Kanaänietiese vroue trou en hulle godsdienste inbring nie. Wanneer 'n individu dit waag doen het, is hy deur die groep geroskam. Soms swaar gestraf. Die beskuldiging dat die Ou Testament 'n boek van oorlog is, kom juis uit die talle insidente van oorlog tussen die groep van "Jahwe" en die ander groepe (Kanaäniete) wat daar gewoon het.

Wat van groot belang was, was die kohesie (die liefde) van die groep, en dat almal by die groep se waardes, se wette gebly het. So het hulle as Jahwe se volk bly leef en dit het hulle voortbestaan gewaarborg. (Deuternomium 6:4: Luister Israel, die Here is ons God. Hy is die enigste Here). Jou optrede kon vir die groep eer bring of vir die groep skaamte bring. Die groep se reputasie was alles.

Hierdie groepsverbintenis ken ons ook. En dat ons as groep dieselfde oortuiging het. Of minstens tot nie baie lank gelede nie. Voor die kultuur van individuele regte na die wêreldkultuur geword het. In ons gemeenskappe het die volgende gegeld: Daar was nie winkels op Sondag oop nie. Daar was nie Sondag-sport nie. Daar was nie aborsie nie. Daar was doodstraf vir die wat 'n ander se lewe geneem het. Dobbel was iets wat nie in die gemeenskap was nie.

Toe die gemeenskapswaardes uitgedaag word, het ons as groep aanvanklik teëgestribbel, maar mettertyd het ons dit aanvaar en nou doen ons aan alles mee. Piet Naude sê ons het ons *etiese uniekheid* verloor. Die mense van die kerk lyk maar soos al die ander. Daar is geen verskil tussen hulle en die nie-Christene nie. Wat is etiese uniekheid? Dit beteken ons is as groep van iets oortuig en daarom doen ons dieselfde. Ons word deur dieselfde bron oortuig en gelei om dieselfde dinge te doen.

In die taal van ons reeks dat die Gees ons gedrag verander: ***ons moet dinge anders doen as die res van die mense, want ons kry ons identiteit by Christus en die Gees. Daarom sê ons ja vir sekere goed en sê ons nee vir ander goed.***

Maar dit is hier waar selfinsig en 'n binne-gesprek baie nodig word:

As ons in die ou rondtrekkende kerk hierdie innigheid en verbintenis tussen mense gekry het en as ons dit in die nuwe Testament ook sien en ons het dit in ons onlangse geskiedenis nog ervaar, waar is ons nou?

Is die Gees iets wat individueel werk, of is die Gees in God se kerk werksaam? Sekerlik moet ons kan sê beide. Maar in 'n ander sin ook nie. As elkeen daarop kan aanspraak maak dat God in hom werk en vir hom so en sus lei, wat maak ons met die geweldige teenstrydigheid en die manipulasie wat daarin voorkom? Ek glo die Gees werk in ons om ons na en in die Liggaam te lei.

Kan in hierdie wingerd uit een stam verskillende maniere van verstaan en doen voorkom? Kan ons verbind wees aan dieselfde God (Die Lig) en heeltemal ander boodskappe hoor? Is dit nou moontlik om te verstaan dat die Gees verskillende sjokolade stroom na verskillende mense?

- Die Gees bring ons saam in die Liggaam en die Liggaam is syne. Die Liggaam is Sy metaforiese teenwoordigheid op aarde. Wat die Liggaam doen, verpersoonlik die Lig. Die kerk. Daarom glo ek met my hele hart dat die Gees vir die kerk gegee is. Die Gees het die kerk gebore laat word. Die Gees is in die kerk.
- Die evangelie van Johannes is 'n binne-dokument. Dit gaan oor die liefde tussen mense wat aan dieselfde groep behoort. As hierdie groep die Misterie se hart uitleef dan is hulle een.
- As ons die teks op individue van toepassing maak, dan laat ons mense wat net dalk al moed opgehou het, net in nog meer hopeloosheid. Een enkeling gaan altyd twyfel.

Een enkeling gaan sonder die aanmoediging van ander sukkel om vrede te hê met sy eie doen en late. Wanneer ons saam is, wanneer ons Liggaam is, word die Liggaam meer as ek.

- Sonder die kerk, wat 'n liggaam is waarbinne ons almal dink en doen, gaan die Christendom op splits in sektariese groepies. Elkeen sê en maak en gebruik die Bybel en die Gees soos dit vir hom voordelig is. Dit kan nie.

Ons moet bid en werk dat die kinders van vandag die waarde van die kerk sal insien. Die betekenis daarvan as Liggaam. As wysheid. As moeder. Dat hulle die kerk sal oppas en liefhê, en die mense van hulle geloofsgemeenskap sal liefhê. As ek nie 'n fout maak nie, is dit wat gebeur het op die dag wat die kerk gebore is.

Anton Pienaar

Stellastraat Gemeente

083 458 8712